finding Life in the desert

# Besluite in die Wildernis

Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word. Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword. Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: "As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word." Maar Hy antwoord: "Daar staan geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom."

Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan en sê vir Hom: "As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: "Hy sal sy engele oor jou opdrag gee" en: "Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie." Jesus sê vir hom: "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie."

Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag en sê vir Hom: "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid." Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien." Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

Mattheus 4:1-11

**Ek word 'n dader van die Woord deur ...**

Vir persoonlike gebed, gesprek, nagmaal of stiltetyd, besoek gerus die Klipkerk na afloop van die diens.